# Stabilis

GREY KOLLEGE / COLLEGE · BLOEMFONTEIN

Beste skoolkoerant in Suid-Afrika in 2008

Volume / Jaargang 43 | Desember 2009 | No/Nr 4



Sport

**Cyclists earn their wings**

Page 11

In depth

**JSE not for faint-hearted**



Page 4

Joernaal

**Tarantino balanseer komiese en wrede**

Bladsy 8




# "It was a pleasure..."

*'Tannie Marie' Booysen retires after 15 years of service*



*Mrs Marie Booysen and her blue 'Volla' will not be seen on the school grounds anymore. She retired at the age of 65 and will now help at an old age home where she will take care of the elderly.* **Photo: Harry Vogel**

**Melo Mtombeni**

Mrs Marie Booysen, better known as 'Tannie Marie' by the whole school, has recently left our hostel kitchens. After 15 years of diligent work, she has decided to take her pension at 65 and start helping at an old age home.

'Tannie Marie' started working at the Hamilton Hall since April 1994, where she prepared meals for the boys on a daily basis. "We never had the facilities and equipment back then that we have today, but the staff and I worked harder", says 'Tannie Marie', laughing.

Many of us never knew the real 'Tannie Marie', but spending a morning with her would always leave you with a different view of her. Her unique food will always be remembered, especially her 'Marie buns'.

'Tannie Marie' always wanted excellence in her kitchen and would usually have to be strict about it. For that reason, many of the hostel boys got on her bad side. She had this to say with a smile on her face, "I always fought with many of the boys. Although there are a few naughty ones I will never forget. 'Maar dit is hoe dit gaan'."

She says, "I would like to thank Mr Volsteedt and the school for all the lovely years here at Grey. I will never forget the boys who made my work a pleasure. Thank you for the wonderful farewell gift you have given me and I always, always enjoyed working with the boys."

'Tannie Marie' will never be far from our hearts and minds, and she will not be far from the school either. She promises to stay in contact with Grey College.

Sport

**Hokkie**

Die voorseisoen oefengroep is reeds druk besig met hul voorbereidings vir volgende jaar. Hulle mik na nog 'n onoorwonne seisoen.


Bladsy 10



Sport

**Tennis kraai koning**

Bladsy 12



# Leith se braaivleisvure brand hoog

*Nuwe geriewe bied geleentheid vir baie herinneringe*

**Nicolaas Pienaar**

Leith-huis is goed vir sy inwoners. Nou word daar ook aandag gegee aan die ontspanning van inwoners om die braaivleisvure.

Amper alles wat by Leith-huis gedoen word, word 'n herinnering en die nuwe braaiers wat die einde van die derde kwartaal by die koshuis gebou is, gaan sonder twyfel nog vir baie stories sorg wat in die toekoms oorvertel gaan word.

Koshuislewe gaan in die eerste plek oor die smee van vriendskapsbande wat normaalweg hou vir 'n leeftyd. Alle geleenthede vir informele samesyn word dus met albei hande aangegryp. Dit is juis waarom laataand-koffie en 'braai in die siwwe' in soveel gevalle inbreuk maak op 'noodsaaklike' studietye.

"Wow! Dit was lekker toe ek sien hoe dit lyk en by myself dink – hier gaan ons goeie tye beleef en 'memories' maak. Dit is hierdie tipe goed wat ons sal onthou," het Riaan Schoeman, 'n graad 11-inwoner, gesê. 'n Ander karaktervolle koshuis-inwoner, Coetzee Theron, sê verder: "Toe mnr. Dries van der Wal die eerste keer van die braaiplek gepraat het, was ek reeds opgewonde. Ek was verbaas om te sien hoe netjies en mooi dit is. Ek het dit gesien en geweet – hier gaan nog baie herinneringe gemaak word."


Mnr. Dries van der Wal het met hierdie uitstekende idee vorendag gekom, om die manne en personeel van Leith-huis se agting vir die koshuis nog hoër te maak. Tom Annandale Bouers het verseker dat die braaiplek van die eerste indrukke af vir die ouens 'n plek geword het wat hulle sal onthou. "Ek dink die braaiplek het 'n positiewe invloed op die koshuis en skool. Om te sien wat die onderwysers vir ons doen, wil jy uit dankbaarheid gehoorsaam wees. Dit is ook 'n lekker plek waar die matrieks en graad 11's kan saam kuier," het Coetzee Theron gesê.

Die hardwerkende Leith-huis-manne verdien om ordentlik te ontspan wanneer die geleentheid hom voordoen. Hierdie toevoeging tot die skoolgronde gaan 'n groot bydrae lewer om die koshuis nog meer van 'n 'huis weg van die huis' te maak. Die toesigpersoneel van Leith-huis voel ook heel tevrede met dié nuwe braaiplekke.

Die manne van Leith-huis het nou nog meer om oor trots te wees te danke aan mnr. Dries van der Wal en 'n wonderlike koshuisfamilie. Leith-huis verdien die beste behandeling, want dit bly die hartklop van die skool. Terwyl die Reüniesaal die hart van die skool is, is Leith-huis die pas-aangeër.



*Die Leith-huis-manne wy hul nuwe braaigeriewe in.* **Foto: Harry Vogel**




## Skaak word nou gespeel op groot skaal

Op Stigtingsdag, wat vanjaar op 9 Oktober gevier is, is die nuwe groot skaakbord voor die Krause Biblioteek, amptelik ingewy.

Die Grey Buitelug Skaakbord is op dié dag amptelik in gebruik geneem na 'n stylvolle openingseremonie. Die skaakbord is op die stoep net voor die Krause Biblioteek en sal in die toekoms gereeld gebruik word, ook tydens interskole. Die Van Biljon-familie het hierdie pragtige toevoeging aan Grey Kollege geskenk ter herdenking aan hul vader, James Blacklaw (beter bekend as Jimmy) Veitch.

Jimmy Veitch was in 1944 in matriek en het op skool ywerig meegeding in veral boks en rugby. Hy het egter ook 'n besondere liefde vir skaak gehad en dit oorgedra na sy kinders en kleinkinders. Hy het gewerk by die Spoorweë en het daar betrokke begin raak by sendingwerk. Hy was sy hele lewe lank 'n sendeling en het onder andere in Zambië, Malawi en Namibië sendingwerk gedoen. Sy drie seuns was in Grey Kollege en nou ook sy kleinseuns, Peter en James van Biljon.

Supporter of Grey College
FNB
First National Bank
Proudly South African

# Positive attitude overcomes all odds

**Billy Grunow**

"He is a remarkably positive person with a positive message that should touch us all". Mr Johan Volsteedt, headmaster, describes Dr Cival Mills, author, inventor and quadriplegic.

Dr Mills suffers from Locked-in Syndrome, a condition in which a patient is aware and awake, but cannot move or communicate due to complete paralysis of nearly all voluntary muscles in the body except for the eyes.

This condition is very similar to the neuro-muscular dystrophy affecting the well-known astro-physicist, Stephen Hawking. Hawking is also the author of the best-seller, *'A brief history of time'*.

Dr Mills developed this condition at the age of 26 in 2000 after falling asleep behind the wheel of his Land-Rover and crashing into a tree. He sustained no neural injury, although during surgery later, he developed a blood clot and suffered a stroke; though through years of physiotherapy he has regained limited movement.

Dr Mills came to assembly on a Friday morning after André Venter, ex-Springbok flanker, introduced him to Mr Volsteedt. Dr Mills however cannot speak, and had to get a speaker to deliver the speech that he had prepared.

Xolani Nondeyi, a grade 10 learner, commented, "Even after so much hurt and unfortunate events, he still holds his head up high. He still looks at the brighter side of life". Mr Volsteedt added, "All of us can be more thankful for what we have". Dr Mills is a very inspiring example of triumph over adversity.

At the end of assembly, Dr Mills received a R15 000 cheque from The SA Rugby Legends, to undergo stem cell therapy in Germany.

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd
Supports
Grey College
Sport




# 'Memories' maak matrieks se aand

**Luan Reynders**

"Dit was 'n ware Grey-matriekafskeid. 'n Aand gevul met nostalgie en waartydens die matrieks van 2009 al hul Grey "memories" kon onthou en saam met hulle die toekoms inneem. Wat meer spesiaal was, was die goeie gedrag van die seuns", is die woorde van mej. Corné du Plessis.

Die jaarlikse matriekafskeid was op 21 Oktober gehou in die Eeufeessaal met die tema "Memories". Mev. Steffné Spies sê: "Die aand was goed georganiseerd en 'n ware fees vir die oog, die beste matriekafskeid nog." Mej. Corné du Plessis, mev. Celeste Venter en die graad elfs was verantwoordelik vir die regmaak van die saal. Al die harde werk is beloon met 'n klokgetooide atmosfeer en kerse wat die pragtige tafelversierings laat skitter het. Die hele saal was 'n fees van rooi en bruin. Op elke tafel was daar 'n klein weergawe van die ou klok en dieprooi rose. Teen die mure was foto's van elke matriek soos hy gelyk het in graad een en agt. Pienaar Spyseniers het gesorg vir die heerlike kos wat bedien is. Harry Vogel, 'n graad elf wat as kelner gewerk het, sê: "Ons het die matrieks en onderwysers in strikdasse en kruisbande bedien en hulle op die hande gedra."

Piet Lindeque dink die aand was spesiaal omdat hul jaargroep weer vir oulaas kon saamwees.

Daar was nog elke jaar 'n optog gehou waar die matrieks in allerhande motors by die afskeid aangekom het, maar dié jaar is dinge anders gedoen. "Jy wil die aand geniet saam met jou vriende die res maak nie saak nie", sê Lindeque.

Harry Vogel sê 'n mens moet elke dag koester by Grey, en nuwe "memories" bou, want voor jy jou oë uitvee is dit verby.

# Sluipers kry trekpas in verfrissende toespraak

## *Nuwe leiers verklaar hulself bereid om 2010-uitdagings te konfronteer*

**Christoff Odendaal**

Die einde van een era beteken noodwendig die begin van 'n nuwe een. Oudergewoonte het Grey aan die einde van Oktober sy nuwe leierskorps gekry en sy oue gegroet.

Drie nuwe skoolkapteins - Nicol Linde, Neil Marais en William Small-Smith, en 'n nuwe groep prefekte is deur die Grey-seuns aangestel en dié leiers sal in die komende jaar die koers wat Grey inslaan, bepaal en as leiers van 1200 seuns lê daar 'n yslike uitdaging voor. Daar bestaan geen twyfel dat hulle bekwaam genoeg is vir hierdie groot taak nie.



*Pieter Rademan, 2009 onderskoolkaptein vir koshuis, ontvang sy band van gesag van mnr Johan Volsteedt.* **Foto: George Briedenhann**

In die gebruiklike vaarwel-toespraak van die uitgaande matrieks het Bruno Schwalbach die nuwe leiers sterkte toegewens met hulle voorliggende taak en die res van die skool aangemoedig om saam met hulle te werk. Francois Venter het ook in sy verfrissende toespraak dit duidelik gemaak dat negatiwiteit en opstandigheid nie geduld sal word nie: "Gaan as jy nie hier wil wees nie, want ons het jou waaragtig nie nodig nie." Sy verwysing na "sluipers" is met groot entoesiasme begroet deur 'n stampvol saal. Die algemene gevoel onder die Grey-seuns was dat sy toespraak 'n vars briesie op 'n normaalweg vervelige dag was.

Al die nuwe prefekte is dit eens dat die jaar net met die samewerking van die Grey-seuns 'n sukses sal kan wees. "As ons die klein dinge reg doen, sal die groot dinge vanself regkom," het William Small-Smith aan die seuns in die saal gesê. "Opstaan vir volwassenes, stilbly in die saal - al hierdie klein goedjies het op die ou end 'n groot invloed op die skool", sê William. Hy voel baie positief oor die jaar wat voorlê en sien uit na hul tydperk as leiers van die skool.

Grey bly steeds konstant - dit is die mense wat kom en gaan. Dit is egter ook so dat dit die mense is wat die skool maak of breek. By Grey kan 'n mens altyd staatmaak op die tradisie en prestasies van vorige jare.

Met ou skooljaar agter die rug, 'n nuwe een wat voorlê en 'n nuwe groep leiers wat plegtig die leisels van die Grey-wa oorneem, moet ons, as Grey-seuns, ook ons deel doen om te verseker dat ons net die beste standaarde handhaaf. Groot skoene moet immers volgestaan word.

# Spiritual batteries can be recharged

**Claudio Achadinha**



Next year is going to be no ordinary year for the U.C.S.A. (V.C.S.V. in Afrikaans) as big plans are already under way. "The U.C.S.A. is a Christian-based association where you can "recharge your spiritual batteries," as Hanro Oosthuizen, one of the leaders, explains.

The "V.C.S.V. kringleiers", as they are most commonly known at the school, plan to incorporate a "God-loving community" into the school, says Nicolaas Pienaar, one of the U.C.S.A. group leaders.

They also aim at including a more diverse group of boys. "I think it's always been our goal to have more English and town boys coming to the U.C.S.A. because there's this sense that it's only for the Afrikaans hostel boys," says Basson Laas, a group leader.

The Brak-and-Duck and "Kringleier-planning" camps will be taking place as well. The hospital project of this year is still in full swing.

So what is it that the U.C.S.A. would like to leave behind at the school? Mr S Pretorius, head of the U.C.S.A. at Grey College, explains, "It's not so much about leaving something behind than passing on. Passing on the Good News from one year to the next."

All the "kringleiers" agree on one method of achieving these plans: "To motivate each other and pray a lot," as Pieter-Albert Botha, one of the leaders, puts it.

The U.C.S.A. is a very enthusiastic, new and vibrant group with chairperson, Jakobus Booysen, leading by example. The foundation provided by the U.C.S.A. is vital. A great number of learners still regard religion as an important part of everyday life.

# Fun gala provides welcome entertainment

**Willie Louw**

Whether you participated or just chilled by the pool, everyone definitely had a great time at the Oranje-Grey "pretgala" this year.

Since 2007 Grey College and Oranje have been holding a gala event where not just the swimmers, but everyone else too could have some fun. It was also the first chance for the matrics of 2010 to show what they're made of. The new matrics had the tough task of organising and participating in the parade, and even though they were provided with poor quality sound, they did a spectacular job!

One of the highlights had to be "The Grey Machine" where it was illustrated how a youngster enters Grey College as a small grade eight boy and leaves as a big strong man when he matriculates.

After the parade, "Die Onwaar-skynlikes", a band created by school boys of Grey College, entertained the crowd for a while. Then it was on to the events, where the boys (with handicaps such as having their feet tied together or only swimming with one arm) took on the girls.

In the end though it was all just fun and games with children entertaining themselves by playing touch-rugby and soccer or by taking a dip, some even started working on their tan for the upcoming holidays. It was an awesome day for all who attended.





**Die lewe maak dikwels vreemde draaie en jy weet nie wat om die volgende een wag nie. Dat die lewenspad wel 'n einde het kan nie betwyfel word nie!**

Met die stygende kostes van 'n begrafnis raak dit al hoe moeiliker om geliefdes met die nodige waardigheid en respek te ruste te laat. Avalon Financial Services ™ het 'n reeks innoverende produkte ontwikkel om naasbestaandes die geleentheid te bied om te treur sonder verdere kommer oor die onkostes van die begrafnis. Die produkte wat ons bied is gemik op volledige verassingsbegrafnisse en sluit in:

- **Die Avalon Memorial Plan**
  Dit is 'n unieke verassingsbegrafnispolis met 'n reeks voordele om die finansiële las ligter te maak en dek die hele gesin teen 'n bekostigbare maandelikse premie.
- **Die Avalon Funerals™ verassingsbegrafnispakette**
  Hierdie pakette bied 'n verskeidenheid volledige bekostigbare begrafnisopsies aan sonder enige verskuilde kostes.

**Skakel ons vandag nog en maak seker dat jy gereed is vir die laaste lewensdraai, vir jou en jou gesin se onthalwe!**

Avalon FINANCIAL SERVICES ™

A Division of Dovetail Trading 509 CC
An Authorised Financial Services Provider
FSB License Number 19653

Avalon ONEcall 0860 051 051

# Profit growth of 50% is astounding

## *JSE Competition ensures lucrative windfall for investors*

**Faiq Fredericks**

Broke? Bankrupt? In debt? Or anything else resulting in you needing money? Well the solution to this problem lies in - believe it or not - in our school!

To get straight to it, the answer is the JSE or better known as the Johannesburg Securities Exchange. With focus on what you doing in the JSE you could get the same results that our very own Grey learners - Nic Linde, William Small-Smith, Dirk van der Spuy and Hennie Odendaal, achieved. In Dirk's words: "We took it seriously, so we're keen on achieving the best results. Sometimes you need a bit of luck as well, I guess."

So what exactly did they do to win their prizes and more importantly what are the prizes? "We bought shares on the JSE. We received R1 000 000 in make-believe money to buy shares. It's a lot of fun because we had nothing to lose; in the end our portfolio grew to R 1 500 000 in just in 8 months. The prizes we received included R500 each which was invested in a special account and R500 for the school."

And who better to accompany the learners than Mrs Marlinda Rothman. When she started teaching at Grey in 2002 she was already requested to administer the game! According to Mrs Rothman if you want to invest on the JSE you have to work through a trader. The minimum amount which you can invest is approximately R2000.

When asked whether it is difficult or not to understand when the market is going to grow, she said that there are many aspects to take into account, to know whether the market is going to grow.

These include the micro economics, political climate and lower interest rates etc. But one must really be a specialist to understand these aspects.

When our learners (who participated) were asked why they got involved in the JSE their answer wasn't for personal greed but rather to "learn". Nic says, "I would be lying if I said I was in it to make money. A little bit of experience is always a good thing."

The JSE Competition is a worthwhile learning experience - exposing you to the reality of the stock market, without being subject to the real risks.




# Vlieghengel maak welkome terugkeer

**Léhan Bloemhoff**

Vlieghengel is 'n uitstaande en 'n unieke manier van visvang. Vis word gevang deur middel van kunsmatige "vlieë" wat deur middel van 'n vlieghengelstok en katrol in die water gegooi word.

Die doel van die Grey Vlieghengelklub is om Grey-manne aan vlieghengel bloot te stel en die sport uit te brei tot 'n volhoubare buitemuurse aktiwiteit tot voordeel van die leerders, die skool en die natuur.

Die klub gedy weens die entoesiastiese betrokkenheid van Johann du Preez (tans in matriek), die voorsitter, organiseerder en dryfveer van die Grey Vlieghengelklub, mnr. Herman Steyn en oom Basie en tannie Carien Vosloo, ouers van wyle Etienne Vosloo.

Oom Basie en tannie Carien verskaf gratis akkommodasie en toegang tot uitstekende vlieghengelwater vir amptelike Grey-ekskursies by Birkhall in die Barkley-Oos distrik. Hul bereidwilligheid om steeds na soveel jaar betrokke te bly, is 'n bewys van hul goeie gesindheid teenoor die skool en vlieghengel as 'n sport. Om alles te kroon bied mnr. Janbert en mev. Caroline Reeders ook gratis toegang tot hulle uitstekende vlieghengel-fasiliteite in die Vrederus-omgewing. Mnr. Herman Steyn, eienaar van Pitstop Shell Garage, tree tans as beskermheer van die klub op. Hy skitter as inisieerder, organiseerder en borg van verskeie klub-ekskursies.

Sedert die breek van die vlieghengel-dam op die skoolterrein in 2007, is die aanleer van hoogs tegniese basiese vaardighede vir nuwelinge bemoeilik. Om die probleem te oorkom, beoog Johann du Preez om in 2010 'n werkswinkel per kwartaal aan te bied oor aspekte soos 'casting'-tegnieke, hoe en waar om verskillende vlieë te gebruik en die verskil tussen dam- en rivierhengel. Johann sê: "My visie vir die klub is om te sien dat ons hoë gehalte vlieghengelaars by Grey kweek".

Die Vlieghengelklub beoog om vanaf 2010 twee toere jaarliks aan te bied. Toere sal onderskeidelik vir senior lede (graad10-12) en junior lede (graad 8-9) geskeduleer word. Maklik bereikbare bestemmings vir Grey se Vlieghengelklub sluit uit die aard van die saak in: die Drakensberge in die Oos-Kaap en Kwazulu-Natal, asook Dullstroom in Mpumalanga.

Daar word uitgesien na 'n aktiewe 2010 op die gebied van vlieghengel in Grey. Hou die kennisgewingsborde volgende jaar dop! Belangstellendes kan intussen sorg dat hulle op hoogte kom.

# Invloed van die ekonomie sien matriekafskeid nie oor nie

**Gerhardt Nieuwoudt**

Wat sal 'n matriekjaar wees sonder 'n matriekafskeid? Daar was hierdie jaar 'n bespiegeling dat Grey in die toekoms moontlik nie meer 'n matriekafskeid gaan hê nie. Hierdie skrikwekkende gedagte was deur mnr. Volsteedt voortgebring, maar daar is wel voordele daaraan verbonde.

In die verlede was die matriekafskeid ekonomies aanvaarbaar, maar in die afgelope paar jaar het die uitgawes begin hand uit ruk. Hierdie ekstra uitgawes kan baie beter benut word deur byvoorbeeld minderbevoorregte skole te ondersteun. Nog 'n alternatief is om 'n pa-en-seun-ete saam met die Reünie aan te bied waar die seuns hul Oud-Grey-dasse kan ontvang. Ander probleme wat met die matriekafskeid gepaard gegaan het is die wyse waarop die matrieks arriveer het. Dit was een groot parade met enige iets van 'n perdekar tot 'n helikopter. Dit pas nie by die Grey-styl nie en daarom was dit hierdie jaar verbied.

Daar was aan mnr. Volsteedt gevra of die matriekafskeid moontlik afgestel gaan word in die toekoms. Sy antwoord hierop was: "Daar sal altyd 'n matriekafskeid wees, maar in die toekoms sal dit meer wees soos wat dit dié jaar was."




KOSHUISVERBLYF VIR 2010
HOSTEL ACCOMMODATION FOR 2010
Grey leerlinge / students (Gr 8-12)

HANSIE CRONJE HUIS

Ligging / Location:
Donald Murraylaan 41
41 Donald Murray Avenue
(oorkant hoofingang van die skool / opposite main entrance of the school)

Kontak / Contact:
054 332 5699 (k/u · o/h)
Ali Grunow - 082 900 4959

Grey scores with Hertz



Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to **www.greycollege.co.za** and click on the Hertz logo or call **0861 600 136.**
Terms and conditions apply.

Hertz
#1 in car rental worldwide

# Streng roetine sorg vir op en wakker eerstespan

## *'Wake-up drills' en 'pre-match meals' kan groot verskil maak op rugbyveld*

**Bernhard Weyers**

'First Team... They shall not be moved!' Elke Grey-seun weet natuurlik dat dit die manier is hoe die eerstespan op die veld kom en die veld verlaat.

Alhoewel, nie almal weet presies wat voor en na die begin en einde van die wedstryd (voor- en nadat die skare opgedaag en verdaag het) gebeur nie.

Mnr. Hein Vosloo, verdedigings- en vaardigheidsafrigter van die eerstespan, het alles duidelik gemaak: "Die voorbereiding vir die dag se wedstryd word al vroeg die dag gedoen. Om net 'n paar te noem; die spelers doen almal 'wake-up drills', wat almal op en wakker maak. Sowat vier ure voor die wedstryd eet hulle 'n 'pre-match meal', wat hoofsaaklik uit pasta en hoender bestaan. Na twee ure eet hulle weer, hierdie ete noem ons 'n 'top-up meal'. Wat hulle eet, kan enigiets van piesangs tot muffins wees. Hulle drink ook die heeltyd baie water." Dit is net sommige van die aktiwiteite wat die spelers voor die wedstryd doen.

Hierdie roetine voor elke wedstryd word indien moontlik deur die hele jaar gehandhaaf. Dit sorg vir rustigheid en fokus voor elke wedstryd sodat die eerstespan altyd net hul beste kan lewer. "Roetine sorg vir dissipline en sonder dissipline kan jy aan geen sport deelneem nie", sê mnr. Vosloo.



*Pieter Rademan, rugbykaptein, betree die veld na die kleedkamer-roetine.* **Foto: Reitz Rabie**

Chejane Malane, linkervleuel van die eerstespan, het die volgende te sê gehad oor wat in die kleedkamer plaasvind:

"Net nadat ons opgewarm het en aangetrek is, staan almal in 'n kringetjie en hou ons dan die spangesprek. Raddas (kaptein van die 2009-eerstespan) vertel ons dan dat ons almal wat hier staan, goed genoeg is om die trui te dra en hy motiveer ons so en op ander maniere. Daarna kry elke speler so twee minute 'alleen-tyd', waar hy kan stil raak en sy laaste voorbereiding doen. Gewoonlik begin ons dan hoor hoe die skool die eerstespan roep. Ons sing dan 'Vive La Grey' en gaan speel dan ons harte uit."

"Na die wedstryd sal mnr. Volsteedt gewoonlik met ons kom praat as ons goed gespeel het. Dan hou ons ons laaste spangesprek vir die dag en sien mekaar eers Maandag weer," meen Johan Goosen, losskakel van die eerstespan.

Natuurlik moet die spelers ook behandel word en 'afwarm' na die wedstryd. "Na die wedstryd eet die spelers baie en neem baie vog in om hul gewig in toom te hou. Dan is daar die 'post-match protocol', waar die beseerde spelers fisio's en dokters raadpleeg oor hul beserings," meen mnr. Vosloo.

In 'n gesprek met Stabilis, het Basson Laas, graad 11-leerder, die volgende te sê gehad: "Ek dink die gees en eenheid van die skool is wat veroorsaak dat die eerstespan altyd goeie uitslae behaal. Natuurlik is voorbereiding belangrik, maar almal weet 'n span speel altyd vir sy ondersteuners. Alhoewel die buitestaanders ook die gees waarneem, is dit die skool en die spelers wat dit vóél. Uiteindelik dink ek dit is wat ons van ander skole onderskei."

Grey se tradisies en manier van doen is uniek, maar so is die uitslae ook. Daar is waarskynlik geen ander skool wat dieselfde mate van professionaliteit in hul benadering tot 'n wedstryd volg nie. Roetine, dissipline en sukses is onlosmaaklik verbind.

# Traffic causes temper tantrums



*Morning rush hour normally leads to a lot of chaos.* **Photo: Tim van Biljon**

**Dianno Baatjies**

Traffic is a mess! Traffic is chaotic! Traffic is insane!

Have you heard any of these before? Well, if you haven't you definitely have not been around school for a while. The 2010 Soccer World Cup has caused a lot of disruptions in our city, also having a great effect on our school. Many roads have been taken under construction, to be rectified for 2010 and a lot of them surround our school!

These rectifications have had a major impact on our school's traffic and according to Meiring Vermeulen, a grade 9 learner, "the traffic battles to flow out of the school terrain and people are slowly but surely getting frustrated!"

"Perhaps we should get a traffic cop, like our neighbouring school Eunice, to control the traffic entering and exiting the school," is what this grade 9 learner believes could help with the flow of traffic. He also believes, "Eunice adds to our traffic problems, as some of their traffic moves through our gates."

Mrs Hester Roos, English teacher, shared her opinion about this issue with us and had this to say, "The traffic is extremely slow-moving, as one has both primary- and secondary school traffic. Should you have a 14:00 appointment, you have to steal 5 minutes off your last period to be on time or take the alternative and wait till well after 14:00 before you leave, when the traffic has abated somewhat." She believes that "tolerance and lack of haste are required to deal with it."

Mr Naresh Mahabeer, one of the hostel masters who is not really involved in the traffic, says "It is extremely busy and somewhat chaotic."

# Oormatige ekstra klasse jaag kostes op

**Franco du Toit**

Ekstra klas neem tyd en tyd is geld. Met ongeveer 60% van die ondervraagde leerders wat ekstra klas vir Wiskunde of Skeinat neem, is die vraag op talle leerders en veral ouers se lippe: hoekom is ekstra klas nodig?

Skeinat en Wiskunde, die twee vakke waarvoor ekstra klas die meeste nodig is, raak 'n geweldige uitgawe vir ouers wie se kinders ekstra klas benodig of net beter wil doen. Talle ouers wil graag weet hoekom hulle kinders buite normale skoolure betaalde klasse moet neem om goed of beter te doen.

Onderwysers se reaksie hierop was dat elke onderwyser 'n unieke onderrigstyl het en dat kinders dikwels ekstra klas benodig, want hulle vind 'n ander onderwyser se onderrigstyl makliker verstaanbaar. Hulle voeg ook by dat die toegewyde leerders dikwels dié is wat na die ekstra klasse toe gaan om in die betrokke vak te verbeter, terwyl daar ook leerders is wat nie oplet in klasse nie en ekstra klasse benodig.

Die meerderheid van die ondervraagde leerders sê hulle glo nie dat dit die onderwysers is wat swak klas gee nie, maar dat dit die kinders is wat dikwels sukkel om volkome aandag in klasse te gee. Die volume van die werk, wat aansienlik meer word, het ook 'n invloed op die aantal leerders wat ekstra klasse neem.

Supporter of Grey College

vodacom





# Eenheid is suksesresep

Die 154ste vormingsproses van Legendes by Grey Kollege is voltooi. Die graad 12 'gentlemen' is reg vir die grootmens- en soms ook 'wilde' lewe daarbuite. Die 'nuwe jaar' by Grey het ook al aangebreek met die oorneem van die skool se leisels deur die graad 11's of eerder die matrieks van 2010!

Die skool se nuwe leiers is ook aangekondig wat saam met die res van die nuwe matrieks die skool in 2010 moet lei. Onder leiding van William Small-Smith sal hierdie manne moet wys wat in hulle steek en al die nuwe uitdagings wat 2010 mag bied, op 'n gepasde 'Grey-manier' trotseer en te bowe kom. Die oriëntering van die nuwe graad 8's, wat volgende jaar die groot skool gaan betree, sal heel waarskynlik die eerste groot taak wees waaroor hulle sal moet besin. Hulle sal egter ook moet besluit watter tipe straf daar vir leerders gegee kan word, wat ongedissiplineerd in klasse optree.

Die graad 8's moet in 'n eenheid saamgesnoer en Grey-waardes geleer word, sodat hulle die pad vorentoe as 'Grey gentlemen' kan loop waarop almal trots is. Ontgroening soos ons dit geken het, is iets van die verlede. Dit noodsaak nou innoverende denke om nog steeds dieselfde doelwit te bereik, maar net op maniere wat vir almal aanvaarbaar is. Ons glo egter dat die nuwe leiers met 'n unieke plan vorendag sal kom, om hierdie jong manne tot volwaardige Grey-manne te slyp. Sodat as hulle in matriek kom, 'n sterk groep sal wees en die skool op 'n opregte Grey-manier sal lei. Daar is egter gevind dat 'n matriekgroep se sukses afhang van hoe hulle as graad 8's ontgroen is.

Sterkte met die eksamen en toekoms vir die nuwe 'Old Greys'. Ons sien met afwagting uit na julle eksamen-uitslae. Onthou wat julle by Grey geleer het en gaan maak 'n verskil daar buite! Ons hoop dat ons julle oor 5 jaar weer by die reünie sal sien - bly deel van die skool, want dit is tog wat die skool sterk maak. 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar word vir almal toegewens. Vive la Grey.







## Koerant is nog steeds een van die bestes

Geagte Redakteur

Al het ek met misnoë kennis geneem van Stabilis se agtste plek in Media24 se Nasionale Skoolkoerantkompetisie, kan ek die versekering gee dat dit nog steeds een van die beste skoolkoerante in die land is. Volgens my is daar nie sprake van agteruitgang nie. Die redaksie verdien steeds 'n pluimpie vir hul puik werk.

Geluk met die puik vertoning van die individuele redaksielede, soos gesien kan word aan die vele toekennings. Beriggewing en foto's vergelyk baie goed met dié in professionele publikasies. Stabilis is sekerlik nie swakker as vorige jare nie. Sterkte vir die volgende kompetisie!

***Getroue leser***
***Waverley (Bloemfontein)***


## Redaksielys 2009

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur** Paul Cloete
**Subredakteur: Nuus** Harry Vogel
**Subredakteur: Sport** William Small-Smith
**Subredakteur: Diepte** Léhan Bloemhoff
**Subredakteur: Joernaal** Petri Claassen
**Subredakteur: Kultuur** Francois Venter

**NUUS**
Nicolaas Pienaar
Melo Mtombeni
Christoff Odendaal
Billy Grünow
Wimpie Greyvenstein
Claudio Achadinha
Luan Reynders
Willie Louw

**DIEPTE**
Gerhardt Nieuwoudt
Bernhard Weyers
Franco du Toit
Dianno Baatjies
Faiq Fredericks

**KULTUUR**
Kevin Kok
Wijbren Nell

**SPORT**
Henri Brummer
Hendrik Wilken
Simon Sonnekus
Phil Boshoff
Helgard Claassen
Pieterjan Eloff
Jason Long
Armand Pretorius

**JOERNAAL**
Jay-G Gouws

**KUNSTENAARS**
Frans Burger
Phil Grimbeek

**FOTOGRAWE**
George Briedenhann
Philip Pieterse
Le Roux Oosthuizen
Pieter Bredenkamp



**Stabilis**

*Contact STABILIS at:*
*P.O. Box 13001, Brandhof, 9324*
*or e-mail: post@gc.co.za*


# William is bereid om die hele pad te loop

*Nuwe skoolkaptein lê klem op die klein dingetjies wat die skip kelder*



***Paul Cloete en William Small-Smith gesels oor die planne vir 2010 in die Fischer-tuin.***
**Foto: Harry Vogel**




**Paul Cloete**

*Wat was jou eerste indrukke toe jy hoor jy is as skoolkaptein verkies?*
Dit is 'n moeilike vraag want dit is uiters oorweldigend om so voor almal in die skool te staan. Om eerlik te wees, ek het baie "gestress" oor my toespraak en het nie juis kans gehad om aan ander dinge te dink nie.

*Wat is jou slagspreuk/motto vir volgende jaar?*
As ons die klein goedjies kan reg doen, sal die groot goed ook in plek val.

*Watter eienskap van Grey sal jy altyd wil behou?*
Die selfversekerdheid van Grey-manne as hulle voor enige uitdaging te staan kom!

*Wat het jy by Grey as mens geleer?*
Om kritiek te kan hanteer, van wie dit ookal kom.

*Wie is jou grootste inspirasie en hoekom?*
Beslis Danie Calitz - Hy het my geleer dat jou fisiese grootte nie jou innerlike grootte bepaal nie!

*Wat is jou grootste droom en hoekom dit?*
Om eendag te kan terugkyk op my lewe en te weet dat ek alles voluit aangepak het.

*Hoe lyk jou ideale meisie?*
Soos Megan Fox. Haar innerlike persoonlikheid moet sterk wees. Sy moet baie selfvertroue en 'n goeie sin vir humor hê. O ja, natuurlik lief vir kinders ook!

*Wat beskou jy as romanties?*
Dit is vir my baie romanties as 'n meisie moeite doen, maak nie saak met wat dit is nie!

*Wanneer was jou eerste ware soen?*
Ek was in Graad 1 en het siek gevoel in die klas. Nadat ek op die mat gaan lê het, het my meisie my 'n soen kom gee!

*Wat weet niemand van jou nie?*
Ek moes in Graad 2 kies tussen koor en rugby. As dit nie vir my pa se invloed was nie, was ek in Indomitus!

## Gunstelinge:

| | |
|---|---|
| Kos: | 'n Lekker biefstuk met kaassous |
| Koeldrank: | Cream Soda |
| Flick: | Lion King |
| Plek: | My eie bed! |
| Aanhaling: | "Victory often occurs when you see no hope to succeed, but refuse to give up anyway!" |


Grey Reünie 125
| The Living Legacy |

# Old Grey

Web page: www.greycollege.com









# Jaarlikse Reünie-dinee steeds gewild na 125 jaar

## *Die misterie van Grey Kollege lok honderde na feesvieringe by Alma Mater*

**Edwin Grant**

Die passie wat 1980 se hoofseun, Joubert Strydom, seun van oorlede Steve (1955) vir Grey het, is duidelik weerspieël in sy toespraak as gasspreker tydens die afgelope Oktober-dinee.

'n Historiese gebeurtenis is deur Joubert herroep - 'n spoorlyn wat deur Sir George Grey aangevoer is het Bloemfontein onder groot belangstelling bereik in 1890. Uit Nieu-Seeland het 'n sieklike Sir George Grey 'n telegram van gelukwense aan die Vrystaters gestuur - "Greetings gratefully acknowledged. In thought I am often with you. May the College ever train noble citizens".

Joubert Strydom - "Had our founder been able to see our school today and study its products he would have been able to say with justification, pride and gratitude, that his last wish had been amply granted."

In sy verlede het Grey taalkonflik en oorloë, asook politieke verskille oorbrug. Oor die toekoms het Joubert die 1980 woorde van Regter M. T. Steyn aangehaal: "Let us therefore proceed purposefully and steadfastly into the future, facing fearlessly whatever challenges it may hold for us, armed as we are with the foreknowledge that by remaining true to the tradition and standards of Grey College, we shall prevail, and with us, the best in our civilization."

Die skool van sy liefde en trots het en speel steeds 'n groot rol in die lewe van Joubert, veral waar hy tans 'n seun op Grey het.

The evening had the usual unexplained magical atmosphere which seems to dominate the annual dinner functions and reminded me of what Coeties Coetzee (1964) as guest speaker at an annual dinner some years ago had to say about Grey, namely "I cherish the College magic - it is something bigger than the individual. It is a dream we must not lose, it has made men great but at the same time humble".



*Getroue ondersteuner van die jaarlikse dinee, Vivian Knox (1938) oorhandig 'n boek van sy Grey-herinneringe aan David Roberson, voorsitter van die Reünie. Sy jonger broer, Ivan (1953) het hom vergesel.* **Foto: Bonita Burger**

Verder het Coeties gesê: "Dit is ons plig om toe te sien dat dit wat ons van Grey ontvang het sal voortleef en toe te sien dat ander dit ontvang. Ons erfporsie is ons karakter. Ons moet ons identiteit bewaar; dit behoort aan die toekomstige generasie. Ons moet voortgaan met wat ons doen want ons weet wat reg is. Aan dié wat ons kritiseer sê ek - Eerder 'n windgat as 'n slapgat".

It is right and proper that, that which is ours is not defined or explained as others would then imitate us and our magic would no longer be ours. The secret of Grey is our secret. It is something that makes us return to the school of our choice.

Coeties het sy toespraak soos volg geëindig met - "Wanneer ons Vive la Grey sing, sing ons in een opsig 'n liefdeslied van hoop en inspirasie vir dié wat nog sal kom om op die tradisie voort te bou. Daar is 'magic' in die lied en sal dit by die uithoeke van ons land weerklink". Grey is 'magic' en sal altyd wees.

## Die Reünie sê dankie

**Edwin Grant**

The Reunie Committee and office personnel wish to thank and express their gratitude to all its many sponsors for their generous support of the school in all its sport and cultural activities during the past year.


Our good wishes accompany the 2009 matriculants with the following message: To live without enriching the lives of others is to miss the true purpose of life.

We also wish to thank the school principals, teachers, ground staff and parents for their invaluable contribution to the success of Grey on the sports fields and in the classrooms.

Lastly may you the Old Boys have a blessed Christmas and a prosperous new year. May the old year and the new be a link to maintain bonds of friendship in 2010.

Die skool het in 1980 'n toneelstuk met die titel '*Will any gentleman*' opgevoer. Dit is 'n vraag wat die Reünie aan 'n paar selfsugtige individue wil stel, wat daarin geslaag het om die dinee gratis by te woon. "Will any gentleman?" Vir die voortbestaan van Grey Reünie, is dit nodig dat almal hulle deel bydra.

## Loyal supporters in England



*At a recent gathering in London are Pikkie du Plessis (1957) and Richard Strydom (2000).* **Photo: London Reunie**

The many Old Greys resident in "Dear Old Blighty", especially those in London, meet regularly to not only reminisce about their glory days at Grey. Visitors to the UK are welcome to contact them at jacquesdup@yahoo.com. Should you meet up with them a cold "lemonade" and warm Grey handshake awaits you.

## *In Memoriam*

Die Reüniekantoor het kennis ontvang van die afsterwe van die volgende persone:

Gerald Lapinsky (1935); Peter Nussey (1941); Bill Bramley (1942); Adam Smith (1942); Marchand de Kock (1948); Willem Cronjé (1949); Wally Anderson (1949); Issy Pinshaw (1950); Eugene Abrams (1952); Hillary Hill (1955); Dolf van Wyk (1956); Dennis Thompson (1959); André Kolver (1960); John Payne (1961); Ruben Mandetstam (1963); Johan Badenhorst (1964); Dennis van Zyl (1969); Alick Ross (1973); Wilhelm de Jager (1974); Henry Potgieter (1974); Paul Verster (1976); Deon Stassen (1981); Adriaan Saaiman (1988); Gordon de Beer (1989); Lebakeng Sejake (2000); Izan Pretorius (2008); Charles Brink (gr 8 -2009).


Aan die einde van hul lewenspad het die son vir hulle finaal gesak. Moet nie treur nie maar wees bly, want vir hulle is die stryd verby.

Dit sal hoog op prys gestel word indien inligting van hierdie aard gereeld aan die Reüniekantoor deurgegee word. Grey Kollege Reünie, Posbus 12943, Brandhof, 9324 / E-mail: reunie@greycollege.com

# A new species is spotted in the evolution chain

## *Grass dwellers is characterised by grade 11 attitude and grade 12 absence*




Breaking news! A new species has been spotted roaming the grassy areas of Grey College. After close inspection it is now clear that it is the matrics of 2010 who has arrived!

Here at Grey we love our grass. We have beautifully green rugby, soccer and cricket fields and even artificial grass for the hockey astro. Neat grass areas and gardens contribute to a good appearance of a school and Grey surely wants to look good. In order for the grass to grow abundantly, not a lot of feet should walk on it continuously. Thus it has become a tradition that no learners except the matrics may walk on the grass areas between the school buildings.

It is therefore a big moment for the grade 11's who waited four years for the moment to finally lay their feet on the grass. There are also other privileges that are associated with being in matric. Only the matric learners are allowed on the Tuckshop field and allowed to buy at the "matric side" in the Tuckshop. Only matrics may use the back door of the hall and they have the big advantage of sitting in the back of the hall where the fans are. The long-awaited privilege to utilise the grass definitely provides great fun with an area for "touchies" or a soccer game. It makes distances to walk between classes a lot shorter and it is also the perfect place to relax during break.

All of these privileges can easily lead to some matrics becoming stubborn and unmannered. It is important to remember the basics about being a Grey Gentleman. The matrics of 2010 must know that they have an immense task to set the example for the rest of the school. With the new prefects and school captains chosen, we can already see positive changes being made and the plan should remain that the whole matric class must work together to achieve new heights in 2010! There is always a lot of hard work to be done. The most important thing is the existence of the will to do what is required. There can be no doubt that this will does exist amongst the current grade 11 group.

A Grey boy once said: "The grass is always greener on the Grey side…"








# Skerp humor temper die wreedheid

**Basson Laas**

'n Groep Joods-Amerikaanse soldate word opgekommandeer deur 'n geheime agenda algemeen bekend as die 'Basterds' met die doel om Duitsers (Nazi's) by die honderde uit te wis.

Soos die rolle vertolk word deur Brad Pitt, Diane Kruger, Eli Roth en BJ Novak, sal 'n mens agter kom dat daar waarlik iets in die rolprent steek!

Deur uitstekende kamerawerk voel jy elke oomblik of jy waarlik deel is van die intense oorlogsdrama en sal die sweet jou voorkop laat blink van angs. Deur 'n bietjie meer neutraliteit in die storie in te bring, het Quintin Tarantino, die regisseur, ook gesorg vir droë, maar skerp humor. As spannende tog komieklike oorlogsprente jou bloed laat kook, dan is '*Inglourious Basterds*' vir jou om te kyk die vakansie!





# Parlotones sets the pace in local music

**Jay-G Gouws**

The Parlotones are without a doubt one of the top music acts out of South Africa. A South African band that has reached world-class hights. It all started at a young age. They all attended the same primary and high schools where they mastered the skills required to become a band. Since childhood, they have grown immensely and recently had a number one hit, '*I'll be there*'. "When we were just starting out, we would often play to our friends who were all Smiths fans. We began throwing parties what we aptly named Louder Than Bombs," says Morbee (vocalist). The band consists of Kahn Morbee as vocalist, Neil Pauw on drums, Paul Hodgson on guitar and Glenn Hodgson on bass, the piano and backing vocals.






Since their professional debut in 2003, the quartet has toured extensively in Europe, UK and America. They are known for their electric, polished stage performances delivered against the backdrop of their deftly-crafted and darkly romantic lyrics. The Parlotones launched their brand new album on the 30th of October. I would recommend it to all romantic rock lovers. Cool and interesting to say, they are due to release their very own wine named after one their most popular hits called "*Giant Mistake*."

# Transformasie in musiek ken geen einde nie

## *Magdom van talent word verteenwoordig deur wye verskeidenheid groepe*

**Wijbren Nell**

Die musiekdepartement het vanjaar 'n besonderse jaar gehad en op vele gebiede groot sukses behaal.

Al die onderskeie musikale groepe het op unieke wyse bygedra tot die vooruitgang van die musiek by Grey. Grey se koor het vanjaar landwyd opskudding veroorsaak. Die koor, wat hierdie jaar tot sy volle reg gekom het onder die leiding van mev. Marlise van Rooyen, is getransformeer tot 'n wen-koor. Die koor het uitstekend gevaar by die jaarlikse Bloemfonteinse Kunswedstryd waar hulle 'n A+ simbool toegeken is. Later in die jaar het Grey se koor die nasionale ATKV-koorkompetisie gewen. Die koor het van krag tot krag gegaan, en was vir baie seuns 'n inspirasie. Dit het geblyk uit die talle seuns wat hulle by die koor wou aansluit, en wat opgedaag het om oudisies af te lê. Op hierdie wyse is wonderlike stemme ontdek.



*Die Grey Gumboots is slegs een van 'n wye verskeidenheid musiekgroepe in die skool.* **Foto: Niel Lombard**

Die Indomitus-sangensemble het groot sukses behaal op die Kunswedstryd waar hulle onder die leiding van mnr. Willem Oosthuizen 'n A+++ simbool behaal het. Dit het meegebring dat Indomitus hoog in aanvraag was, en op talle funksies moes optree.

Die Ensemble, wat onder leiding staan van mev. Celesté Venter, het vanjaar die mense gaande gehad toe hulle opgetree het by die Engen Soccer Knockout Challenge. Hier het hulle opgetree tydens die prysuitdelings en het goeie vermaak verskaf aan die gaste wat die funksie bygewoon het. Hulle het ook baie goed gevaar by die jaarlikse Kunswedstryd. Met 'n A+ simbool het hulle bewys 'n mens kan goeie musiek maak en dit ook geniet.


Die Jaarlikse Musiekfees in die Sand du Plessis-teater was ook 'n reuse sukses met Lize Beekman en Brandon October as die gaskunstenaars. Die fees het glad verloop en die hele skool het dit geniet om deel daarvan te wees. Al die vertonings was uitverkoop en het aand na aand mense op hulle voete gehad met die besielende meelewing van al die seuns en kunstenaars. Ons vertrou dat 2010 'n groot jaar vir die musiekdepartement gaan wees. Die seuns kan nie wag om te sien wat die musiekdepartement gaan oplewer nie.

# Franco - 'n man van vele fasette

**Wijbren Nell**

Kom ontmoet 'n man van vele talente, en julle kan voorgestel word aan Franco Swart.

Met musiek, net soos op akademiese- en sportgebied, is hy 'n uitblinker by uitstek.



*Franco Swart* **Foto: Argief**

Franco, wat hierdie jaar sy matriek-eksamen aflê, was boonop ook 'n top 14-finalis van die Volksblad Topmatrikulant van die Jaar-kompetisie. Hy blink uit in tennis, is lid van die Vrystaatse Jeugsimfonie-orkes, en het al selfs 'n gedig gepubliseer vir die 'Poetry Institute of Africa' in 2007.

Franco sing sy hele skoolloopbaan in die skoolkoor, en word ook later lid van die Indomitus-sanggroep. In Grey se Strykers-ensemble bring hy sy kant as perkussie-speler. Hy speel in die skool se blaasorkes, asook die Marimba-orkes.

Vra jy Franco waar hy tyd kry om al sy aktiwiteite in te pas, lag hy net, want "dit is het einde niet"! Vanjaar word hy op die prysuitdeling bekroon met 'n Erewapen vir Musiek en ontvang individuele volkleure vir Orkestrasie en Joernalistiek.

Hy het reeds in graad 4 met perkussie begin by mnr. Ian Roos van die Musicon, wat hom 'n groot liefde vir perkussie-instrumente aangeleer het.

Franco is gekeur om medies in 2010 aan die Vrystaatse Universiteit te gaan studeer. Grey gaan 'n armer plek wees sonder Franco, maar, "one man's loss, is another's gain". En Franco se vriendelikheid en bydraes op veral musiekgebied, sal voortleef by Grey. Voorwaar 'n voorbeeld vir alle Grey-seuns.

# Cultural activities boasts full calendar

**Kevin Kok**

Has the level of culture at Grey College truly increased over the years or have the various groups only been participating more?

Throughout 2009 the Grey College Cultural Department impressed many, with the choir that reached new heights, the debating, who reached the semi-finals of the SACEE league, aswell as the annual Music Festival. However, it is still an argument amongst many scholars that Grey is purely a sport school.

"Overall the level of music hasn't seemed to increase, but certain groups have prestiged individually", said Mrs. Venter when asked about the level of culture. A good example of this is the choir, who after entering the ATKV-Applous for the first time succeeded to win in their category.

Whether the cultural level has increased or remained stagnant, the fact that cultural pupils have started making their mark at Grey College can not be missed.

ITEC
QUALITY PEOPLE, SMART DOCUMENT SOLUTIONS

Copy, Print, Scan, Fax, Telecoms, Intercoms,
CCTV, Generators, Toner, Paper and Stationary.

ITEC Free State
14 CP Hoogenhout Street, Langenhovenpark, Bloemfontein
Tel: +27 51 446 2440
Web: www.itecgroup.co.za



# Oorsese prestasies is vanjaar 'n hoogtepunt

*Clover-uitnodigingsbyeenkoms is lokaas vir beste junior atlete in Suid-Afrika*

**Helgard Claassen**

Die 11de jaarlikse Clover-uitnodigings-atletiektoernooi wat deur Grey Kollege en Oranje Meisieskool aangebied is, het weereens net die beste in Suid-Afrikaanse junior atletiek talent ten toon gestel.

Vanjaar het skole van die Vrystaat, Gauteng, Kwazulu-Natal en die Westelike Provinsie aan hierdie byeenkoms deelgeneem. Die Universiteit van die Vrystaat en die Bloemfontein Excellenté Atletiekklub is ook gevra om aan die byeenkoms deel te neem. Volgens Sean de Klerk, een van Grey se topatlete, was die toernooi nogmaals 'n sukses en het Grey se atlete goed gevaar. Sy mening is dat Grey se atlete "hard gewerk het en dat 'n mens dit in die resultate kon sien." Sean is een van die atlete wat Grey se naam hoog gehou het by hierdie byeenkoms met sy tyd van 16,05 in die 150m-wedloop. Hy het 'n goue medalje in hierdie item verwerf.

Grey se atlete het ook buite Bloemfontein goed presteer. Aan die einde van Oktober het 21 van ons atlete na Stellenbosch getoer om aan Paul Roos se atletiekbyeenkoms deel te neem. Volgens Sean de Klerk was die hoogtepunt van die 2009-seisoen om te sien hoe goed die Grey-atlete hier presteer het. *(sien uitslae)*

Drie van Grey se atlete (Sean de Klerk, Charl Grobler en Pieter Marx) het vanjaar selfs oorsee deelgeneem. Volgens mnr. Fanie Reynders, een van Grey se atletiekorganiseerders, was die hoogtepunt van die jaar die prestasies wat hierdie atlete oorsee behaal het.



***Rynardt van Rensburg is een van die beste middelafstand-atlete wat Grey die afgelope paar jaar gelewer het.*** **Foto: Tim van Biljon**

## Atletiekuitslae

### Paul Roos Gimnasium (Matie Droommyl)

| | |
|---|---|
| **100m Seuns o/17** | |
| Sean de Klerk | 10,7sek |
| Wayde van Niekerk | 10,9sek |
| Emmanuel Papgis | 11,2sek |
| Rwellyn Isbell | 11,2sek |
| **110m Hekkies Seuns o/17** | |
| Emmanuel Papgis | 13,9sek |
| **200m Seuns o/17** | |
| Sean de Klerk | 21,8sek |
| Wayde van Niekerk | 22,0sek |
| JJ de Klerk | 23,1sek |
| Eduan Viljoen | 23,1sek |
| **400m Seuns o/17** | |
| Rynardt van Rensburg | 49,8sek |
| **Hoogspring Seuns o/17** | |
| Wayde van Niekerk | 1,90m |
| JJ Steytler | 1,90m |
| **Diskus Seuns o/17** | |
| Charl Grobler | 55,54m |
| **100m Seuns o/15** | |
| Duard McLeod | 11,5sek |
| **200m Seuns o/15** | |
| Duard McLeod | 23,8sek |

WIEHAHN
PROUD SPONSOR OF
Grey College Rugby
Leaders in formwork & scaffolding technology

Don't delay. Phone OUTsurance today to experience hassle-free insurance cover.
OUT SURANCE
08 600 60 000
Please visit our website at www.outsurance.co.za
OUTsurance is an authorised financial services provider.

# Oefengroep reeds vroeg besig

**Phil Boshoff**

In voorseisoene is rugbyspelers besig om ysters te buig in die gimnasium. Hulle is egter nie die enigste sportmanne wat besig is om voor te berei nie…

Hokkie, soos enige ander sport, verg deeglike voorbereiding en harde werk. Dit geld nie net tydens die seisoen nie, maar ook vir die noodsaaklike voorseisoen. "'Summer School' is uiters belangrik vir 'n speler se voorseisoen. Dit vorm vaste patrone aangesien sekere vaardighede ingedril word," sê eerstespan-afrigter, mnr. Braam van Wyk. "Die hokkieskool bied die geleentheid vir spelers om mekaar beter te leer ken asook om mekaar beter te verstaan op die veld. 'n Mens leer nuwe spelpatrone en verbeter jou vaardighede."

Een van die aspekte wat die hokkieskool so suksesvol maak is die feit dat spelers van alle ouderdomme mag deelneem. Jonger spelers kry ook die kans om saam met hul rolmodelle te speel. Dit motiveer hulle en gee hul iets om na te streef. Hokkie is egter nie die enigste punt van belang nie. "Spelers word geleer hoe om hard te werk, vas te byt, en wat dit is om te werk om jouself te verbeter," sê mnr. Van Wyk.

Ondanks die harde werk wat saam met 'Summer School' loop, geniet die spelers dit ook. "Ek geniet dit die meeste om net weer op die Astro te kom en die 'game' te speel," sê Otto Bam, eerstespan-speler.



***Mark Walraven is een van die belowende spelers in die groep.*** **Foto: Tiaan Kritzinger**

# Gehalte van rugby loop wye draaie

**Henri Brummer**

Grey se rugby is deesdae van so 'n hoë gehalte, dat daar in die afgelope 3 jaar meer as 10 SA-skole rugbyspelers opgelewer is, insluitend hierdie jaar,waar daar 6 spelers was wat hierdie voorreg gesmaak het, onder hulle Pieter Rademan wat as kaptein opgetree het vir die SA-Skole span.

Maar ons moet nooit vergeet dat die kwaliteit rugby wat ons vandag speel, nie net uit die lug uit geval het nie. Nee, sonder die ondersteuning en in sommige gevalle bydraes van die oud-Grey leerders, sou Grey rugby nie vandag so fantasties gewees het, soos wat dit werklik is nie. Oud-Greys se ondersteuning speel 'n groot rol in Grey se rugby. Hiervan is die Past vs Present-sportdag 'n goeie voorbeeld.

Dit is moeilik om te verbeter op die huidige gehalte van die spel by die skool, met 28 oud-Greys, wat in verskeie provinsiale spanne in die 2009 Curriebeker-reeks deelgeneem het. Grey het al 36 Springbokke opgelewer, en mnr. Dries van der Wal, die rugbyhoof, glo dat Grey in die toekoms selfs nóg meer Springbokke sal oplewer, maar dit is moeilik om op 1988 se rekord van 8 Springbokke te verbeter. Maar omdat elke jaar verras, is die skool soos 'n kind voor Oukersaand totdat die volgende eerstespan opdraf.

# Cyclists are no ordinary bikers

## *Improved organisation and enthusiasm ensures results*

**Simon Sonnekus**

Lance Armstrong, 7-time winner of the Tour de France, once said, "It's not about the bike." He meant that it's never the equipment that makes you the sportsman that you are.

But more the determination, will-power and the positive state of mind you should maintain. With that approach he became the cyclist he is today. Here we find that cycling has gradually become an elite sport at Grey, with heaps of enthusiasm and growing popularity. Boys regularly meet to discuss where they'll be riding that afternoon.

The cycling club was infused with a breath of fresh air when Mr Juan van den Berg took over this discipline. Within a few days he was already organizing tours and making arrangements. Results have been a key factor for the cycling team where Pieter Herbst's team set a substantial benchmark, winning the maiden Bloemfontein mountain biking league, in which three schools participate. "It's strange that we see everyone on bikes these days…", says Dewald Oosthuizen, a grade 10 pupil.

Another highlight for the cyclists was the Korannaberg Cycling camp that took place early in the 4th term. The Korannaberg is situated between Marquard and Excelsior and is one of the most beautiful areas in the Free State. The farm Van Zoelenshoek serves as the base camp for all visiting adventurers.

There are several hiking trails and biking trails in the vicinity, leading to secluded waterfalls and other interesting places. In some areas the terrain is quite rough and demands a high level of fitness. This, however, did not deter the enthusiastic visiting cyclists from Bloem-fontein. This was clearly enjoyed by all on the camp. "We rode amazing trails!", stated an excited Schutz Marais.



*Stefan Hattingh enjoys the scenary in the Korannaberg.* **Photo: George Briedenhann**

## Michaelmas Week

### Cricket

**First Team vs Hilton College**
Grey batted first and scored 173 all out
Nic Linde 39
Nic Venter 35
Hilton scored 170 for 9
Dwayne Calder 2 for 25
Nic Venter 2 for 35
***Grey won by 3 runs***

**First Team vs Durban High School**
Grey batted first and scored 183 all out
Nicol Linde 52
Francois Venter 39
Nic Linde 31
Durban High School scored 137 for 9
Nic Venter 5 for 28
Dwayne Calder 1 for 20
***Grey won by 56 runs***

**First Team vs Michaelhouse**
Michaelhouse batted first and scored 128 for 8
Corne Dry 1 for 16
Dwayne Calder 2 for 17
Grey scored 124 for 1
Dirk van der Spuy 57 not out
Francois Venter 49
***Grey won by 9 wickets***

# Krieketspelers van weleer wen

**Hendrik Wilken**

Reeds sover terug as 1886 het die eerste "Past vs Present" krieketwedstryd plaasgevind. Hierdie tweestryd se sake word nog steeds elke jaar op die hoofveld uitgespook, tydens die skool se verjaarsdag-herdenking.

"Dit is 'n wonderlike wedstryd wat plaasvind en wat die eerstespan die geleentheid bied om teen spelers te speel wat al regoor die wêreld krieket gespeel het", aldus mnr. Johan Volsteedt.

Die "Past" krieketspan het eerste gekolf en 'n mededingende 280 lopies opgestapel. Hierdie telling kan grotendeels toegeskryf word aan Thinie Fick, wat 133 lopies gemoker het. Die eerstespan is toe ingestuur en het belowend gelyk, totdat Nicky Bojé die 'appelkar' omgegooi het deur 5 paaltjies in te palm vir slegs 69 lopies. Nicol Linde het met sy beurt van 54 lopies die hoogste telling vir die eerstespan aangeteken. Die "Past"-krieketspan het egter as wenners uit die stryd getree met 'n welverdiende oorwinning van 12 lopies.

Die kaptein van die eerstespan, Neil Marais, sê: "Om jouself teen spelers te meet wat al op Lord's en die MCG gespeel het, is die heel lekkerste van alles tydens hierdie kragmeting." Neil is ook gekies om die Vrystaatse o/18-span by die Khaya Majola-week aan te voer, wat eerskomende vakansie teen ander provinsies gaan kragte meet in Benoni.

Die toekoms van Grey-krieket lyk uiters rooskleurig aangesien spelers soos Corné Dry alreeds in Graad 10 uitgenooi is om in September 'n Suid-Afrikaanse o/17-oefenkamp by te woon. Hierdie oefenkamp is aangebied deur Ray Jennings.

Nicol Linde, eerstespan-speler, sê: "Ons werk baie hard op die oomblik en ek glo dit sal goeie vrugte afwerp. Ons het 'n talentvolle span wat die vermoë het om nuwe hoogtes te bereik."

# Water polo enjoyment knows no bounds

**Armand Pretorius**

It is summer, its water polo time. Let us enjoy it!

There is nothing like the Free State sunshine, a great swimming pool, and a Grey College water polo game! After some wonderful rain, the Grey College sports grounds looked spectacular. With pride, we welcomed and hosted 20 of South Africa's best schools at Grey College for the annual u/14 tournament.

This tournament is now widely recognised as the premier tournament in the country for this age group. This year we hosted Affies, Grey P.E., Maritzburg College, St David's, Selborne, K.E.S, Bishops and Paul Roos to mention a few. This well-organised tournament put Grey College Bloemfontein once again on the lips of South African schools and the schools visiting enjoyed every moment of the tournament. Grey College is the only water polo playing school in the Free State!

Reinhardt Arndt captained the local u/14 team. Reinhardt says, "Although we are a new bunch of guys forming the u/14 water polo team, we still performed to the best of our ability during the tournament." Johan Swanepoel, one of the newcomers, stuck his head out and exhilarated during the tournament with excellent skills and talent. Eventually Grey P.E and Selborne fought it out in the final. Grey P.E climbed out as worthy winners!

Eduan Pienaar remarks, "After three days, a lot of swimming and sunshine, it was a once again the hospitality of Grey College that stood out!" Therefore, there is a lot to swim for, but even more to do at Grey.






Official sponsor
of Grey Sport
Clover
It's all you need

Stabilis
SPORT
Web page: www.gc.co.za/stabilis

adidas
Official sponsor of Grey Rugby



# Tennisspan kraai weer koning

*Toernooiwenners behou gesogte trofee vir die eerste keer sedert 2002*

**Pieterjan Eloff**

"Ons manne verdien om die Grey Kollege ABSA-tennistoernooi te wen." Dit was die woorde van mnr. Naresh Mahabeer, die groot kanon van Grey-tennis.

Talle groot skole soos Pretoria Boys High, St Stithians, Kearsney Kollege, Affies, Hoërskool Waterkloof asook Selborne Kollege word jaarliks na ons tennisbane gelok vir hierdie kompeterende toernooi.

Vanjaar het daar weer van die mees talentvolle jong spelers om die titel meegeding. "Die standaard van die tennis was van 'n hoogstaande gehalte," sê mev. Marlinda Rothmann, wat betrokke was by die reëlings i.v.m. die verblyf en etes.

Die skole is eers in twee groepe van vier spanne elk gedeel. Enkel- en dubbelspel-wedstryde is teen mekaar gespeel en punte is toegeken vir elke wedstryd. Die twee topspanne in elke groep het deurgedring na die semi-finale rondte. Grey het teen St Stithians gespeel en Pretoria Boys High teen Paul Roos.

"Ons het baie goed in die semi-finaal teen St Stithians gespeel en met baie selfvertroue in die finaal ingegaan", sê Theo Ferreira, 'n jong en baie belowende lid van die eerstespan. Hulle het St Stithians gemaklik gewen met 'n telling van 6-0. Pretoria Boys High het net-net met Paul Roos (5-4) afgereken en moes Grey teen die sterk Boys High te staan kom vir die finaal. Voor die finaal lui mnr. Mahabeer se spanpraatjie: "Komaan ouens, gebruik jul kans en doen dit vir die Kollege!"

Na die enkels was Grey 4-2 voor en moes hul net een dubbels-wedstryd wen om vir die eerste keer sedert 2002 die toernooi te wen. "Dit was taai en hulle het 'n goeie span. Ek dink ons wou dit op die ou end net meer hê as hulle," sê Theo.

Dit wys jou die Grey-bom saai nie net verwoesting op die rugbyveld nie!



*Lohan Symington, lid van die eerste tennisspan, speel 'n enkelspelwedstryd tydens die ABSA-toernooi.* **Foto: Verskaf**

# Overbooked courts testify to growing popularity of squash

**Jason Long**

Squash is one of the fastest-growing sports at Grey College. The overbooked courts bear testimony to this! Squash requires both physical and mental strength and decisions need to be made within seconds, which makes it a popular sport for competitive persons.

Eighty-six teams from different sport clubs and schools in Bloemfontein participated in the 2009 Winter League. Grey College Secondary School entered 10 teams which delivered good results. Two of the teams that performed extremely well, were Grey's 3rd and 8th league teams which came 1st and 2nd in their respective leagues.

Another highlight for all squash enthusiasts is the Southern Free State Closed Championship. It was a very closely fought tournament with a number of Grey boys performing well. In the u/19 section Ian Relling and Jacques Jacobs ended 1st and 4th respectively, while in the u/16 section Lawrence Kuhn, Jason Long, Philip Van Tonder and Elias Polydorou came 2nd, 3rd, 4th and 5th respectively.

The Grey Champs is the final tournament of the squash calendar. This tournament determines the Grey rankings and the different teams for 2010. Grey's first team for squash for 2010 is as follows: 1. Ian Relling 2. Lawrence Kuhn 3. Jacques Jacobs 4. Philip Van Tonder 5. Elias Polydorou 6. Jason Long.

Lawrence Kuhn, Elias Polydorou and Jason Long are currently in grade 8 and might therefore represent the first team for many years to come. This will add tremendously to the experience levels of the first team over the next few years, as they will compete at the highest level. These youngsters are also regarded as some of the best junior squash players in the country.

Overall, 2009 was a very successful year for Grey squash with the 1st team ending 3rd at Top Schools, success at all the interschools and boys qualifying for representative provincial and national teams. Let us hope that in 2010 Grey squash maintains and builds further on the successes of 2009.

Caring for the children in our community
KFC
Proud Supporter of your School
Bloemfontein (Zastron Str) 051 447 5500 Bloemfontein (Curie Ave) 051 522 0823 Bloemfontein (St Andrews Str) 051 447 4682
it's finger lickin' good.™